**As my pa nie met die apteker gepraat het nie**

Dit was die jaar 1977. Ek was in matriek, en moes besluit wat ek gaan studeer. Na ek aanlegtoetse geskryf het, besluit ek om aptekerswese te gaan studeer by die destydse Potchefstroomse Universiteit. My pa het op daardie stadium 'n klerewinkel gehad in Witrivier. Langs my pa se winkel was 'n apteek. Eendag vra die apteker vir my pa: "Wat gaan jou seun studeer?" Toe my pa sê: "Aptekerswese", was sy reaksie hy vind dit nogal vervelig om 'n apteker te wees. Hy vra toe: "Hoekom nie liewer chemiese ingenieurswese nie?" Ek het nie veel van chemiese ingenieurswese geweet nie, maar dit het opwindend geklink soos 'n loopbaan gevul met baie wiskunde en wetenskap. Ek besluit toe om 'n chemiese ingenieur te word. Boonop ken die WNNR ook 'n beurs aan my toe vir hierdie studies. *En dit alles, want my pa het met die apteker gepraat.*

Omdat ek chemiese ingenieurswese studeer, eindig ek in my eerste jaar in 'n wiskunde klas wat Donderdagmiddae 'n tutoriaalklas het. Isabel Hoogenboezem bied die klas aan...

Omdat ek chemiese ingenieurswese studeer, moet ek verpligte vakansiewerk doen. Omdat ek 'n WNNR beurshouer is, gaan doen ek die vakansiewerk by die WNNR. Aan die einde van my derde jaar werk ek op 'n projek wat fokus op die Fischer-Tropsch reaksie – die hart van Sasol se proses. Dit fassineer my. Gedurende my finale jaar sê een van ons professore hy wil navorsing doen op hierdie reaksie, en hy soek nagraadse studente hiervoor. Die WNNR stem in dat ek in hulle diens saam met die professor mag werk en ook nagraads studeer. *Sê nou maar my pa het nie met die apteker gepraat nie...*

Terwyl ek nagraads studeer, is ek deel van 'n Bybelstudiegroep. Isabel Hoogenboezem is ook deel van die groep. Die groep gaan saam op staptoere .... en nou is ons al vir 41 jaar getroud! *Sê nou maar my pa het nie met die apteker gepraat nie...*

Na my nagraadse studies gaan werk ek by die WNNR. Daar word ek gekies om namens die Sentrale Energiefonds loodsaanlegwerk te gaan doen by Sasol met die oog op Mossgas (tans PetroSA) wat toe in aanbou was. Toe die projek voltooi is, vra Sasol of ek nie vir hulle wil kom werk nie. Aanvanklik wys ek dit van die hand, maar later aanvaar ek hulle aanbod. Gevolglik trek ons Vaaldriehoek toe. Ek werk vir meer as 27 jaar vir Sasol – grotendeels in Navorsing en Ontwikkeling. Hierdie periode val bykans presies ooreen met 'n periode waarin Sasol wil groei deur die ontwikkeling van eie tegnologie. Die gevolg is 'n interessante en bevredigende loopbaan wat ek baie geniet. *Sê nou maar my pa het nie met die apteker gepraat nie...*

Weens verskeie redes besluit ek om op vroeë pensioen te gaan. Tydens my voorgraadse studie op Potch was ons verplig om 'n paar kursusse in Wysbegeerte te doen. Dit het my gefasineer – veral die raakvlak tussen die natuurwetenskappe en teologie. Na my aftrede besluit ek om 'n paar oorbruggingskursusse in teologie te studeer – enersyds om hierdie raakvlak beter te verstaan, maar andersins ook omdat ek my aftrede wou gebruik om op een of ander manier betrokke te raak by die uitdra van die evangelie. Net toe ek hierdie studies voltooi het, ontstaan daar 'n geleentheid om betrokke te raak by 'n bediening onder Malawiërs in die Vaaldriehoek. Dit sou later duidelik word dat hierdie geleentheid net vir 'n paar jaar sou bestaan, voordat omstandighede so verander het dat die gemeente wat die uitreiking destyds begin het, weer die werk kon oorneem. Maar hierdie paar jaar het perfek saamgeval met my eie beskikbaarheid in die Vaaldriehoek. *Sê nou maar my pa het nie met die apteker gepraat nie...*

Wat is die punt? Is die punt dat daardie apteker 'n visioenêr was wat vooruit kon sien hoe 'n groot impak sy voorstel op my lewe sou hê? Hoegenaamd nie. Trouens my ouers het einde van daardie jaar verhuis van Witrivier af – ek het nooit weer met die apteker gepraat nie. Ek sou nie verbaas wees as hy nie eens die gesprek kon onthou nie.

Is die punt dat dit nou maar is hoe die lewe werk? Immers hoor ons dikwels redenasies soos die volgende: Een ding lei tot 'n ander, alles is maar net die sameloop van omstandighede. 'n Mens moet maar net op die regte tyd op die regte plek wees. Iemand sou die stelling kon maak: Ek het nou een opmerking van die apteker geneem, en wil nou die indruk skep dit het 'n kettingreaksie gehad deur die loop van my hele lewe. Maar wat van al die ander stellings wat al gemaak is, wat oënskynlik nie 'n effek op my lewe gehad het nie, en wat ek nou gerieflikheidshalwe ignoreer?

Ja, dis waar. Maar let op: Die apteker se opmerking het my loopbaankeuse verander. En my loopbaankeuse het implikasies gehad vir my hele lewe. Wat vir my verstommend is as ek terugkyk, is dat ek kan raaksien hoe sekere opmerkings 'n lang termyn effek gehad het. Ja, daar is duisende wat oënskynlik geen effek gehad het nie. Tog reageer ek op sekere opmerkings, en nie op ander nie. En die resultaat is daar is 'n logiese ontwikkeling in my lewensverloop. Ek het nou maar een voorbeeld in detail beskryf. Ek sou verskeie ander voorbeelde kon neem: ek is al met prostaatkanker gediagnoseer – en hoe dit besig is om te verloop; ons het onlangs verhuis na Pretoria – hoe dit alles verloop het. En keer op keer sien ek hierdie patroon: Dit is nie maar net 'n sameloop van omstandighede nie. Nee, ek sien 'n doelmatigheid in wat met my gebeur. Hoe meer ek hieroor dink, hoe duideliker word dit.

Ek dink nie vir 'n oomblik ek is uniek nie. Ek is oortuig as elke mens gaan sit en dink oor sy/haar lewe, gaan hy/sy iets soortgelyks sien. En dit is verstommend: Biljoene mense leef – hulle praat met mekaar, hulle neem besluite, hulle leef hulle lewens – en tog is daar 'n doelmatigheid in elke lewe.

Wat my opnuut oor al hierdie dinge laat dink het, was toe ek onlangs 'n studie oor die boek Habakuk gedoen het. Veral Hab 3:2 het my gedagtes hieroor gestimuleer: "Here, toe ek van u roem gehoor het, is ek met ontsag vervul. U dade, Here, maak dit 'n werklikheid in hierdie tye, laat dit in hierdie tye bekend word." Habakuk het destyds geworstel met alles wat rondom hom gebeur het. Die wêreld het vir hom na chaos gelyk – so al asof alles maar net die sameloop van omstandighede was. Maar toe verduidelik die Here aan hom, Hy het 'n plan met die wêreld wat opbou na 'n einddoel. Die Here het selfs aan Habakuk verduidelik hoe Hy by hierdie einddoel gaan uitkom. En die gevolg was dat Habakuk begin verstaan het dat wat besig is om te gebeur in die wêreld, is die dade van die Here. Daar is sin in. Daar is doelmatigheid in. En hoe meer Habakuk sy kop hieroor gebreek het, hoe meer het hy die hand van die Here raakgesien. En hoe meer hy die hand van die Here raakgesien het, hoe meer het hy die roem van die Here raakgesien. En hoe meer hy die roem van die Here raakgesien het, hoe meer ontsag het hy vir die Here ontwikkel. En die verstommende is dat die Here ook aan Habakuk duidelik gemaak het: Dít is juis Sy einddoel – ontsag vir die Here! Die einddoel is dat die aarde gevul sal word met kennis van die heerlikheid van die Here (Hab 2:14)! En daarom bid Habakuk: "U dade, Here, maak dit 'n werklikheid in hierdie dae, laat dit in hierdie tyd bekend word."

Die punt is: Daardie gesprek tussen die apteker en my pa was 'n daad van die Here. En ek kan nou terugkyk na daardie daad, en ook na die gevolge van daardie daad van die Here. En dan staan ek verstom – ek sien die roem van die Here raak in wat met my gebeur. En ek ontwikkel ontsag vir die

Here. En die Here sê: Dit is juis die punt!! Ontwikkel ontsag vir My! Dit is hoe die aarde gevul sal word met die kennis van My heerlikheid!

Ek wil jou aanmoedig: Gaan besin oor jou lewe. Gaan soek vir die dade van die Here in jou lewe – hulle is daar. Hoe meer jy hulle raaksien, hoe meer sal jy ontsag vir die Here ontwikkel. En dit is juis die doel van jou lewe!

(Meer detail oor my studie oor Habakuk kan hier gevind word: https://harkomulder.com/habakuk )